

KOMMUNIKAMMA 4 APRIL



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkruggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK:

Johannes 11: 25-26

"Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

SAKE vir GEBED:

- Dank die Here dat die graf leeg is. Halleluja God Drie-Enig!
- Paastyd is ook familietyd. Bid vir diegene wat nie by hulle dierbares kan wees nie. Here wees ons Trooster!
- Tree ernstig in vir die beroepingsproses. Bid dat die Here ook die pre-advieskommissie kragtig sal gebruik om onder die leiding van die Gees 'n kortlys saam te stel. Here wees ons gemeente se Herder!
- Ons verootmoedig ons voor God en bid vir reën in ons opvangsgebiede. Here wees ons genadig!
- Bid vir die Here se voorsiening vir mense wat tans finansiële en emosioneel swaartrek. Vra vir die Here of jy die antwoord op ons gebede is vir bydraes vir PE-Noord en gehoorsaam sy stem. Here wees ons Bron van Hoop!
- Tree in vir die President en alle mense in gesagsposisies vir wysheid en integriteit in die uitvoering van hulle pligte. Here wees ons troue Leidsman!
- Bid dat Josh sal genees van die virus wat verhoed dat hul hom dadelik kon opereer. Bid ook vir Dawid Keyter wat met kanker gediagnoseer is. Dank Hom dat hy saam met Dawid, sy vrou Alida en hulle familieledes die pad stap. Here wees ons Geneesheer!

There4-bedieninge se gebedsverzoek vir die week:

There4-Bedieninge span wil jou uitdaag om saam met duisende gelowiges **dwarsoor die wêreld** te bid vir ons boeties en sussies veral gedurende Paastyd. Die risiko dat ekstremistegroepe hulle teiken, sal skerp styg gedurende hierdie tydperk van die jaar.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 1 mag daar nou 250 persone per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Hierdie Sondag is daar 'n erediens om 09:00.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 4 April Paasfees

09:00 EREDIENS – (<https://youtu.be/5aCI9RqNB0o>)

Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die ere diens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

GEEN KATEGESE

Daar sal geen kategetiese wees nie, a.g.v. die langnaweek.

Volgende Sondag kom die Gr 7 – Gr 11's by die kerkgebou bymekaar

Maandag 5 April

GESINSDAG

Dinsdag 6 April

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. **Die gemeente se beskikbare fondse vir hierdie projek is baie min. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassarylaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 7 April

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 9 April

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 11 April

08:30 – Eietydse Diens

10:00 – Klassieks Diens

10:00 – Kategetese

Kategetese by die kerkgebou vir graad 7 tot 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou.

VIA BYEENKOMS

Liewe Vriendin,

VIA nooi jou na die "Beloved Series"

Aangebied deur Susan Smith, 'n aanbieder en profetiese kunstenaar

Kom stap saam met haar deur die storie van 7 skilderye en hulle

betekenis in Jesus. Ervaar en beleef wat God met jou wil deel as

Sy geliefde bruid!

Datum: Maandag 12 April

Tyd: 18:00 vir 18:30

Plek: Kraggakamma Gemeente, kerksaal

RSVP: Niekie (082 561 8747)



Die pad vorentoe.

'n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoefte en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Ons moet bid vir vir die proses. Die volgende aansoeke (in alfabetiese volgorde) is ontvang: Nicola Alberts, Thania Botha, Jan Coetzer, Stefan Conradie, Talitha Conradie, Pieter Devenish, Carolien du Pisanie, Elsché Eygelaar, Ernst Gottschalk, Brits Janse van Rensburg, Adrie Potgieter, Tiaan Pretorius, Hendrik Prinsloo, Sunell Ribbens, Anika Sanders, Wentzel Schoeman, Jacques Strydom, Elandre Swartz, Jan Theron, Floris Welthagen en Du Toit Wessels.

Die nut van die huidige pastorie, asook herstelwerk wat gedoen moet word, moet ondersoek word. Die moontlikheid om die pastorie te verkoop en eerder 'n subsidie te gee, sal verder ondersoek word.

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Daar moet ook werk by die Gazanialaan pastorie gedoen word. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Ons boureserwefonds is uitgeput na die verbetering aan die kerkgebou.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir u geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

KERKRAADSLID VERKIES.

Op die kerksaadsvergadering van 17 Maart 2021 is Werner Nel as diaken verkies. Daar is steeds 'n hele paar kerksaad- en dienswerker vakatures. Indien die Here vir jou lei om te dien, kontak asseblief vir Niekie.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|----------|--|
| 4 April | Michael Grobler, Chantelle Horn, Eloise Lotter, Michelle Meyer, Marcelle Sharp, Cor van der Riet, Fionna Venter en Ronelle Viljoen |
| 5 April | Louise Crouse, Rooikop Kotze, Jan Schmidt, Canie van Deventer en Marlise Verwey |
| 6 April | Retha Gerber, Hendrik Meiring, Johann Postma, Martie Rheeder en Lea Ross |
| 7 April | Gert Erasmus, Gys Geldenhuys, Linda le Roux, Renee Nell en Hermie Rossouw |
| 8 April | Veronica Burger, Mike Tait, Eugene van Rooyen en Sandra Vosloo |
| 9 April | Gustel Agenbag, Anna Fielding, Sakkie Grobler, Sam Hattingh, Hannes le Roux, Henny Nel en Maryna Potgieter |
| 10 April | Miems Botha, Brian Capes, Daniel Grobler, Marney Jooste, Karen Jordaan, Ellenette Meiring, Kate Swanepoel en Antoinette van Wyk |



DANKOFFER

12 maande van ons finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by veertig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. As elkeen van die 40 kleuterskole tien boeke kan kry, benodig hul 400 boeke om mee te begin.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As u 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.